20.(1) 'n Gemagtigde amptenaar kan op enige werkperd beslag lê en dit skut op 'n plek wat die raad aangewys het, as sodanige werkperd -

- (a) van kant gemaak kan word op advies van 'n veearts of ingevolge die bepalings van enige wet;
- (b) na sy of haar mening nie meer 'n bespanne voertuig kan trek nie;
- (c) na sy of haar mening 'n gevaar inhou vir verkeer wat enige openbare straat gebruik;
- (d) los loop en klaarblyklik sonder eienaar is; of
- (e) op enige openbare plek of openbare straat gevind word waar sodanige werkperd, na die mening van die gemagtigde amptenaar, nie onder behoorlike beheer is nie;

(2) Die raad moet rekord hou van alle werkperde wat ingevolge dié verordening gevang en geskut is, en die soort, merke en onderskeidende eienaardighede (as daar is) van sodanige werkperde opteken, sowel as die laaste datum van hulle vrylating of andersins, en sodanige rekords moet gedurende kantoorure by die raadskantore vir die publiek ter insae beskikbaar wees.

(3) 'n Werkperd wat ingevolge subartikel (1) geskut is, moet aan die eienaar van, of persoon wat sodanige werkperd aanhou, oorhandig word by betaling van die gelde wat deur die raad vasgestel is.

(4) 'n Werkperd wat ingevolge subartikel (1) geskut is, kan verkoop word of na 'n ander tuiste verskuif word nadat dit ten minste tien dae lank aangehou is, tensy dit opgeëis en vrygelaat is ingevolge subartikel (3).

(5) As 'n gemagtigde amptenaar van mening is dat 'n werkperd 'n werkperd is soos bedoel in die bepalings van artikel 19, kan hy of sy -

- (a) 'n kennisgewing aan die eienaar van sodanige werkperd laat beteken waarvolgens van sodanige eienaar vereis word om sodanige stappe te doen wat sodanige oorlas doeltreffend sal verminder, en om tot bevrediging van die gemagtigde amptenaar te bewys dat sodanige werkperd onder behoorlike beheer gehou word;
- (b) die werkperd skut en ingevolge dié artikel daarmee handel, met dien verstande dat sodanige werkperd nie aan die eienaar daarvan oorhandig mag word nie, tensy sodanige eienaar, binne die tydperk van tien dae bedoel in subartikel (4), bevredigende bewys aan die gemagtigde amptenaar lewer dat sodanige werkperd, as dit aan hom of haar oorhandig word, nie verder 'n oorlas sal wees nie en onder beheer gehou sal word.

(6) Die opbrengs van enige verkoop moet gebruik word om alle koste verbonde aan sodanige verkoop en skut van sodanige werkperd te delg.

(7) Nóg die raad nóg die gemagtigde amptenaar nóg enige werknemer van die raad is aanspreeklik vir of ten opsigte van enige besering of siekte wat opgedoen word deur of skade

veroorsaak aan enige werkperd tydens die beslaglegging op, skut, aanhouding, verkoop of van kant maak daarvan ingevolge dié verordening.

Die redding van geskutte werkperde is verbode

21. Geen persoon mag, deur middel van dreigemente van geweld of andersins, 'n werkperd red of probeer red van die persoon of persone wat in bevel daarvan is, en wat wettig na die skut gebring word nie, of mag enige werkperd red of probeer red nadat sodanige werkperd wettig deur 'n gemagtigde amptenaar geskut is nie.

HOOFSTUK VYF

Diereen pluimvee

22. Ten einde openbare gesondheid te bevorder mag geen persoon enige dier of pluimvee op 'n enige perseel aanhou of laat aanhou sonder die toestemming van die raad nie.

Permitte

23.(1) Met die doel om openbare gesondheid te bevorder en openbare oorlas te beperk, kan die raad van tyd tot tyd bepaal hoeveel diere of pluimvee per eenheidoppervlakte aangehou mag word, en die gebiede waarin sodanige diere of pluimvee verbode is.

(2) Die raad kan van tyd tot tyd bepaal vir watter soort diere en pluimvee 'n permit nodig is, en wat die toepaslike aansoekgeld en jaargeld vir sodanige permit is. Aansoeke om dié permitte moet op die voorgeskrewe vorm ingedien word wat die raad vir dié doel beskikbaar stel.

(3) Permitte wat ingevolge hiervan uitgereik word, is nie oordraagbaar nie en is slegs geldig vir die spesifieke eiendom ten opsigte waarvan daar aansoek gedoen is.

24.(1) Die raad kan vereis dat 'n aansoek ingevolge artikel 23(1) vergesel moet word van 'n gedetailleerde terreinplan wat al die bestaande en voorgestelde strukture en heinings toon op die eiendom waarvoor 'n permit verlang word.

(2) Die raad kan gedetailleerde planne en spesifikasies vereis van strukture daar beoog word om diere en pluimvee aan te hou, ten einde te evalueer of 'n permit waarvoor daar ingevolge artikel 23(2) aansoek gedoen is, toegestaan kan word, al dan nie.

(3) Nieteenstaande enigiets strydigs wat in dié Verordening vervat is, kan die raad 'n aansoek van die hand wys of goedkeuring verleen, onderhewig aan spesifieke voorwaardes, as die eiendom na sy mening vanweë die ligging, plasing of geografiese eienskappe of grootte daarvan nie geskik vir die aanhou van diere of pluimvee is nie.

(4) Geen struktuur wat diere huisves, mag geleë wees-

(a) binne een en 'n half meter van enige grens van die erf wat aanliggend aan 'n ander residensiële erf is nie;

- (b) binne ses meter van enige grens van die erf wat aanliggend aan enige pad of openbare oop ruimte is nie; en
 - (c) binne vier en 'n half meter van enige woning, bediendekwartiere, bewoonde buitegebou en winkel of gebou waarin voedsel verwerk word nie.
- (5) Waar 'n struktuur waarin diere gehou sal word, deel van 'n buitegebou is wat vir menslike bewoning gebruik word, moet sodanige struktuur minstens vier en 'n half meter van sodanige bewoonbare vertrek geleë wees, en mag dit nie onder dieselfde dakruimte as die bewoonbare vertrek wees nie.
- (6) Geen struktuur waarin pluimvee aangehou word, mag geleë wees
- (a) binne een en 'n half meter van enige grens van 'n residensiële erf nie; en
 - (b) binne een en 'n half meter van enige woning, bediendekwartiere, bewoonde buitegebou en winkel of gebou waarin voedsel verwerk, verkoop of geberg word nie.
- (7) Alle strukture waarin diere of pluimvee aangehou word, moet na behore van enige straat verberg word tot die bevrediging van die raad.
- (8) Geen struktuur waarin pluimvee gehou word, mag hoër as drie en 'n half meter wees nie.
- (9) Ondanks voormelde bepalings, kan die raad, nadat toestande eie aan die eiendom oorweeg is, en op voorwaarde dat geen beswaar ontvang word van aanliggende bure en bure wat geraak word nie, van enige of al die voorwaardes van dié hoofstuk afstand doen en ander voorwaardes opleë as dit toepaslik is.

Berging van voer en misstof, wegdoening van karakasse

25.(1) Alle misstof wat uit die aanhou van diere en pluimvee ontstaan, moet, in afwagting van verwydering van die perseel, onder skuiling in verseëelde, vliegbestande houters geberg word, en daar moet op 'n gereelde grondslag daarmee weggedoen word ten einde te voorkom dat enige oorlas ontstaan, op voorwaarde dat sodanige wegdoening nie komposmaking op die perseel mag insluit nie.

- (2) Alle voer moet in 'n knaagdierbestande plek, houer of pakkamer geberg word vir die aanhou van diere en pluimvee.
- (3) Die perseel vir die aanhou van diere en pluimvee moet in sodanige toestand gehou word dat dit nie knaagdiere lok of skuilplek aan hulle bied nie.
- (4) Daar moet op die eienaar se koste met karkasse weggedoen word op 'n wyse wat deur die raad goedgekeur is.

26. Die raad kan van tyd tot tyd bepaal dat 'n vlieg- en knaagdierbestande mis- en voerbergplek van toereikende grootte en wat van permanente materiaal gebou is, op 'n perseel vereis word waar diere gehou word.

Honde en katterhawens

27. Geen persoon mag 'n honde- of katterhawe bedryf nie, tensy daar aan die volgende vereistes voldoen is en 'n permit van die raad verkry is:

- (a) honde en katter word in afsonderlike kampe gehou-
 - (i) gebou van duursame materiaal, met toereikende toegang vir skoonmaak-, ontsmettings- en parasietbeheerdoeleindes;
 - (ii) met 'n vloer van beton of ander duursame en ondeurlatende materiaal wat glad afgewerk is en wat 'n helling het na 'n honderd millimeter breë sloot wat oor die volle breedte van die vloer strek en binne die kamp geleë is, welke sloot in 'n rioolput moet uitloop wat met die raad se rioolstelsel verbind is deur middel van 'n pyp van goedgekeurde materiaal met 'n minimum diameter van een honderd millimeter, of met 'n ander goedgekeurde wegdoenstelsel verbind is;
 - (iii) met 'n honderd-en-vyftig millimeter hoë randsteen langs die hele lengte van die sloot waarna in subparagraaf (ii) verwys word, om te voorkom dat stormwater van sodanige gebied in die sloot beland;
- (b) elke hok waarna in paragraaf(a) verwys word, moet 'n oordekte skuiling vir die akkommodasie van honde en katter hê, en-
 - (i) elke muur daarvan moet van baksteen, klip, beton of ander duursame materiaal wees, en moet 'n gladde binneoppervlak sonder krake of oop lasse hê; en
 - (ii) die vloer daarvan moet van beton of ander ondeurlatende en duursame materiaal wees wat glad afgewerk is, sonder krake of oop lasse, en die oppervlak tussen die vloer en die mure van 'n permanente struktuur moet hol vloerlyste hê;
- (c) in die geval van honde kan 'n hondehok van gevormde veselsement of ander soortgelyke materiaal, wat verskuifbaar is en geplaas word op 'n basis van beton of ander duursame materiaal met 'n afwerking wat maklik skoongemaak kan word, sonder krake of oop lasse, voorsien word in plaas van 'n skuiling bedoel in paragraaf(b), en as die basis van sodanige hok nie waterdig gemaak is nie, moet 'n verhewe slaapplank, wat die hond sal laat droog bly, in elke sodanige hok voorsien word;
- (d) 'n Betondeklaag van minstens een meter breed moet voor die ingang van die kamp vir die volle breedte van die hok voorsien word, en die deklaag moet 'n helling hê sodat water weg van die hok kan dreineer;
- (e) 'n Voorraad drinkwater, voldoende vir drink- en skoonmaakdoeleindes, moet in of langs elke kamp voorsien word;

- (f) afsonderlike isolasiefasiliteite vir siek honde en katte moet tot bevrediging van die raad voorsien word;
- (g) as hokke vir die aanhou van katte voorsien word, moet sodanige hokke van duursame, ondeurlatende materiaal wees en so gebou wees dat dit maklik skoongemaak kan word.

Strukture moet behoorlik in stand gehou word, en geen veranderinge nie

28.(1) Die eienaar of bewoner van die perseel moet alle strukture te alle tye behoorlik in stand hou.

(2) Geen persoon mag 'n struktuur vir die aanhou van diere of pluimvee verander of vir ander doeleindes gebruik as dié wat op die permit gespesifiseer is nie.

Kennisgewings, wysiging en kansellasië van permitte

29.(1) As, na die mening van die raad, enige diere wat op enige eiendom aangehou ten opsigte waarvan die raad 'n permit ingevolge dié Verordening uitgereik het, 'n gesondheidsoorlas of gesondheidsgevaar inhou of die veiligheid van die publiek in gevaar stel, of waar meer diere aangehou word as wat in die uitgereikte permit gemagtig word, kan die raad 'n skriftelike kennisgewing aan die houer van die permit, of in sy afwesigheid, aan die persoon in bevel beteken om sodanige oorlas of gevaar of oortallige diere binne 'n gespesifiseerde tydperk te verwyder of te laat verwyder.

(2) Die houer van 'n permit, of die persoon in bevel, moet by ontvangs van 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1) aan die vereistes voldoen wat die raadin sodanige kennisgewing spesifiseer, by gebreke waarvan die raad na goeddunke -

- (a) die permit om diere op sodanige eiendom aan te hou, kan kanselleer; of
- (b) die permit kan wysig.

(3) Die houer van 'n permit moet, wanneer hy of sy deur die raad versoek word om dit te doen, die permit wat aan hom of haar uitgereik is, teruggee vir wysiging of kansellasië, na gelang van die geval.

Diere te koop aangebied

30. 'n Persoon of bestuurder van 'n perseel waar honde of katte of perde te koop aangebied word, moet behoorlike inentingsrekords hou en sodanige diere nie oornag sonder toesig laat nie.

Vuurwerk

31. Geen persoon mag enige dier met vuurwerk of op enige ander wyse bang of skrik maak of spanning by die dier veroorsaak nie.

Wreedheid teenoor diere

32. Enige persoon wat-

- (a) 'n dier besit, aanhou, invoer, koop, verkoop, oplei, teel of onder sy of haar beheer het met die oog daarop om die dier teen enige ander dier te laat veg;
- (b) enige dier treiter, uitlok of aanhits om enige ander dier aan te val of voort te gaan om met enige ander dier te baklei;
- (c) dieregevegte vir finansiële wins of as vorm van vermaak ondersteun of bewerkstellig;
- (d) toelaat dat enige van die daade waarna in paragraaf (a) tot (c) verwys word, plaasvind op enige perseel of plek in sy of haar besit of onder sy of haar beheer;
- (e) enige perseel of plek besit of beheer met die doel om of gedeeltelik met die doel om dieregevegte op sodanige perseel of plek aan te bied of wat sodanige perseel of plek bestuur of met die bestuur daarvan help, of wat betrokke is by die toelating van enige persoon tot sodanige perseel of plek; of
- (f) as toeskouer teenwoordig is by enige perseel of plek waar enige van die daade waarna in paragraaf (b) tot (e) verwys word, plaasvind of waar voorbereidings vir sodanige daade getref word,

is skuldig aan 'n oortreding en kan by skuldigbevinding gevonnissen word tot 'n boete van R20 000,00 (twintigduisend rand) of gevangenisstraf vir 'n tydperk van uiters twee jaar;
- (g) met enige vervolging word daar aangeneem, tensy die teendeel bewys word, dat 'n dier wat by enige perseel of plek gevind word, die eiendom of onder beheer van die eienaar van daardie perseel of plek is, of die eiendom of onder beheer is van die persoon wat die perseel of plek gebruik of in beheer daarvan is.

HOOFSTUK SES

Pligte van skuitmeester

33. 'n Skuitmeester -

- (a)
 - (i) moet die skuit oop hou tussen 08:00 en 16:30 van Maandag tot Vrydag, en tussen 08:00 en 12:00 op Saterdag, tensy enige sodanige dag 'n openbare vakansiedag is;
 - (ii) kan, ondanks die bepalings van subparagraaf (i), die skuit oop hou visodanige vroeër of later tye na gelang hy nodig ag, onderhewig daaraan dat 'n maklik leesbare kennisgewing te dien effekte by die ingang van die skuit vertoon word;
- (b) moet gedurende die tye wat die skuit oop is, enige dier aanvaar, in hande neem en skuit wat na die skuit gebring word met die doel om dit te laat skuit, en moet, onderhewig aan die verdere bepalings van dié verordening, sodanige dier in die skuit

aanhou, met dien verstande dat die skutmeester kan weier om enige dier te aanvaar of enige dier kan vrylaat as hy of sy redelikerwys meen dat sodanige dier nie wettiglik in bewaring geneem is of geskut is nie;

- (c) moet 'n register hou waarin die volgende besonderhede van enige dier opgeteken word -
 - (i) die naam van die gemagtigde amptenaar of die naam, woonadres en telefoonnommer van enige ander persoon wat dit gebring het om geskut te word;
 - (ii) die tyd en datum waarop die dier geskut is;
 - (iii) die plek waar die dier gevind is onmiddellik voordat dit in bewaring geneem is;
 - (iv) die datum en die tyd waarop die dier in bewaring geneem is voordat dit na die skut gebring is;
 - (v) die rede waarom die dier geskut is;
 - (vi) 'n beskrywing van die dier, met inbegrip van die geskatte ouderdom, ras, geslag, kleur, merke en enige besering wat aan die dier gevind is toe die skutmeester dit aanvaar het;
 - (vii) of die dier vrygelaat, verkoop of van kant gemaak is, en die datum en tyd van sodanige vrylating, verkoop of vankantmaking;
 - (viii) die hoeveelheid geld verbonde aan sodanige vrylating of verkoop;
 - (ix) die bedrag van die veeartskoste wat ten opsigte van die dier aangegaan is, as daar is;
- (d) moet sorg dat die skut en alle toerusting wat by die skut van diere gebruik word, te alle tye in 'n skoon toestand en vry van vlooië en ander parasiete is, tot bevrediging van die raad se uitvoerende direkteur: gesondheid;
- (e) moet sorg dat elke dier in die skut behoorlik gevoer en versorg word;
- (f) moet enige vroulike dier in oestrus afsonder;
- (g) moet alle redelike stappe doen om gevegte tussen diere in die skut te voorkom;
- (h) moet enige siek dier van die gesonde diere afsonder, moet sodanige dier deur 'n veearts laat ondersoek, en moet alle stappe doen om uitgawes wat in dié verband aangegaan word, van die eienaar te verhaal as die identiteit en adres van die eienaar bekend is;

- (i) moet alle nodige stappe doen om enige dier van kant te laat maak soos bedoel in dié verordening, en uitgawes wat in dié verband aangegaan word, van die eienaar te verhaal as die identiteit en adres van die eienaar bekend is;
- (j) moet alle redelike stappe doen om te sorg dat diere weer huise kry en nie van kant gemaak word nie;
- (k) moet die voorgeskrewe gelde vir skut en daaglikse aanhouding ten opsigte van enige dier hef;
- (l) kan enige dier laat steriliseer en dit van identifikasie voorsien soos uiteengesit in artikels 6(i) en 14(6) en die koste daarvan van die eiser verhaal, met dien verstande dat die eiser 'n motivering ter oorweging kan aanvoer waarom die dier nie gesteriliseer moet word nie;
- (m) moet enige dier laat steriliseer en dit van identifikasie voorsien soos uiteengesit in artikels 6(i) en 14(6) voordat die dier aan enige ander persoon as die oorspronklike eienaar daarvan uit die skut oorhandig word; en
- (n) moet enige dier wat deur 'n gemagtigde amptenaar in bewaring geneem is, laat aftas met die oog daarop om 'n mikroskopiese op te spoor.

HOOFSTUK SEWE

DIVERSE

Misdrywe en boetes

34.(1) Enige persoon wat -

- (a) enige bepalings van dié verordening oortree of versuim om daaraan of aan enige bevel of kennisgewing te voldoen wat wettiglik ingevolge daarvan uitgereik is, begaan 'n misdryf; en
- (b) wat voortgaan om 'n misdryf te pleeg nadat kennisgewing aan hom of haar beteken is om sodanige misdryf te staak of nadat hy of sy aan sodanige misdryf skuldig bevind is, is aan 'n voortgesette misdryf skuldig.

(2) Enige persoon wat aan 'n misdryf ingevolge dié verordening skuldig bevind is, is blootgestel aan 'n boete of tronkstraf van hoogstens twee jaar.

(3) In die geval van 'n voortgesette misdryf kan 'n bykomende boete of tronkstraf van hoogstens tien dae vir elke dag wat sodanige misdryf voortgesit is, of 'n boete sowel as tronkstraf opgelê word.

(4) Enige hof wat enige persoon daaraan skuldig bevind dat hy of sy 'n dier aanhou wat nie onder beheer gehou word in ooreenstemming met die bepalings van dié verordening nie, mag,

benewens die boete waarna daar in subartikel (2) verwys word, gelas dat die betrokke dier van kant gemaak word, en daarna mag 'n gemagtigde amptenaar sodanige dier van kant maak.

Toepassing op die staat en die raad

35. Dié verordeninge bind die staat en die raad.

Herroeping

36. Die volgende verordeninge word hiermee herroep:

- (a) Kuilsrivier-munisipaliteit: Verordening op die Aanhou van Honde soos gepubliseer in Provinsiale Kennisgewing 1027 van 1977.
- (b) Milnerton-munisipaliteit: Verordening op die Beheer van Honde soos gepubliseer in Provinsiale Kennisgewing 481 van 1987.
- (c) Brackenfell-munisipaliteit: Verordening op die Aanhou van Honde soos gepubliseer in Provinsiale Kennisgewing 190 van 1979 en Wysiging van Verordening op die Aanhou van Honde soos gepubliseer in Provinsiale Kennisgewing 510 van 1990.
- (d) Kraaifontein-munisipaliteit: Verordening op die Beheer van Honde soos gepubliseer in Provinsiale Kennisgewing 669 van 1979 en Wysiging van die Verordening op die Beheer van Honde soos gepubliseer in Provinsiale Kennisgewing 526 van 1982.
- (e) Afdelingsraad van Stellenbosch: Verordening op die Aanhou van Honde soos gepubliseer in Provinsiale Kennisgewing 692 van 1979.
- (f) Vishoek-munisipaliteit: Hondebeheerverordening soos gepubliseer in Provinsiale Kennisgewing 675 van 1979.
- (g) Simonstad-munisipaliteit: Regulasies oor die Aanhou van Honde soos gepubliseer in Provinsiale Kennisgewing 549 van 1963.
- (h) Stad Tygerberg: Verordening op die Beheer van Honde soos gepubliseer in Provinsiale Kennisgewing 567 van 2000.
- (i) Kaapstad-munisipaliteit: Verordening op die Beheer van Honde soos gepubliseer in Provinsiale Kennisgewing 658 van 1981.
- (j) Kaapse Afdelingsraad: Verordening op die Beheer van Honde soos gepubliseer in Provinsiale Kennisgewing 781 van 1985.
- (k) Deel 2 van die Verordening op Omgewingsgesondheid van die Stad Kaapstad soos gepubliseer in die Buitengewone Provinsiale Staatskoerant van 30 Junie 2003.

Oorgangsbepalings

37.(1) 'n Oorgangstydperk van nege maande vir die registrasie van honde ingevolge artikel 3(1) en artikel 3(2) van dié Verordening sal van toepassing wees van die datum van promulgasie van dié Verordening deur middel van publikasie in die Staatskoerant.

(2) Aansoeke ingevolge artikel 4(1) van dié verordening ten einde meer honde op 'n perseel aan te hou as die getal wat ingevolge artikel 2(2) toegelaat word, sal in die eerste ses maande na promulgasie van dié verordening tot 'n maksimum van ses honde op enige perseel toegestaan word, onderhewig daaraan dat die eienaar nie enige hond wat vrek of weggemaak is, vervang as dit tot 'n oortreding van artikel 2(2) sal lei nie.

(3) Aansoeke om meer katte op 'n perseel aan te hou as die getal wat ingevolge artikel 14(2) toegelaat word, sal in die eerste ses maande na promulgasie van dié verordening tot 'n maksimum van ses katte op enige perseel toegestaan weggemaak is, vervang as dit tot 'n oortreding van artikel 14(2) sal lei nie.

(4) Artikel 6(i) en artikel 14(6) van dié verordening tree in werking nadat 'n tydperk van ses maande verloop het na die datum van promulgasie van dié verordening deur middel van publikasie in die Staatskoerant.

(5) Artikel 17(7) van dié verordening tree in werking nadat 'n tydperk van ses maande verloop het na die datum van promulgasie van dié verordening deur middel van publikasie in die Staatskoerant.

(6) Artikel 12(1) en artikel 15(1) van dié verordening tree in werking nadat 'n tydperk van ses maande verloop het na die datum van promulgasie van dié verordening deur middel van publikasie in die Staatskoerant.

Kort titel

38. Dié verordening word die Stad Kaapstad: Verordening op Diere, 2010, genoem.

UMTHETHO KAMASIPALA WEZILWANYANA, KA-2010**WESIXEKO SASEKAPA****IMBULAMBETHE**

NJENGOKUBA oomasipala abadala abaphantsi kolawulo lwesiXeko saseKapa bethe bachithwa kwamiselwa umasipala onamagunya okwenza umthetho nokulawula kuzo zonke iindawo ebezinabo masipala badala;

NJENGOKUBA kukho imfuneko yokuphuhlisa umthetho omnye ukukhokela ngokufanayo ulawulo lwezilwanyana kuquka izinja, iikati kunye namahashe asebenzayo kuso sonke isiXeko;

NJENGOKUBA isiXeko sinalo igunya ngokoMgaqo-siseko weRiphabliki yoMzantsi Afrika lokwenza nokulawula imithetho kaMasipala ukulungiselela ulawulo olululo lwemibandela esinelungelo lokuyilawula;

NJENGOKUBA isiXeko sinegunya ngokweCandelo B leShedyuli 5 yoMgaqo-siseko malunga nolawulo lophazamiseko loluntu, izikiti, iindawo zokuhlala, ezolondolozo kwakunye nokungcwaba izilwanyana, ezokukhupha iilayisenisi zezinja, neendlela zikamasipala, imicimbi yeendlela nokupaka kwaye sinalo negunya kwinkonzo zezempilo ngokweCandelo B leShedyuli 4 yoMgaqo-siseko;

NGOKO KE NGOKU, uwiswa njengomthetho liBhunga lesiXeko saseKapa, ngale ndlela ilandelayo:-

ISAPHLUKO 1**INKCAZO****Iintsingiselo**

1. Kulo Mthetho kaMasipala, ngaphandle kokuba kuthethwa phantsi kwenye imeko -

"ummelwane okufuphi okanye ochaphazelekayo" uthetha ummelwane onepropati eyayamileyo kumda kweyahlula umhlaba womfaki-sicelo okanye emi ngaphesheya okanye ngokuxwesileyo kuleyo yomfaki-sicelo;

"ipropati yezolimo" umhlaba omiselwe ukusetyenziselwa ezolimo ngokwesikimu seBhunga socwangciso lwedolophu okanye nangawuphi na omnye umthetho;

"isilwanyana" sithetha ihashe, iponi, imeyili, idonki, inkomo, ihagu igusha, ibhokhwe, inkamela, isilwanyana esirhubuluzayo,inja, ikati okanye ezinye izilwanyana zasekhaya, izilwanyana zendawo ethile, kunye nezinye izilwanyana zasendle, okanye ezingaqhelekanga kodwa ngokwenjongo zesahluko sesihlanu, aziqakwa izinja, iikati namashe okusebenza kangangokuba zilawulwa ngokwahlukeneyo kwezinye izahluko;

"inqwelo ezitsalwa zizilwanyana" zithetha inqwelo eyenziwe ukuba zijike nezinto zokudibanisa ihashe enqwelweni.;

"igosa eligunyazisiweyo" lithetha igosa eligunyaziswe ngokwecandelo 8 loMthetho wokuKhusela iZilwanyana, (Animal Protection Act) ka-1962 (uMthetho onguNomb. 71 ka- 1962) kunye nalo naliphi na igosa leBhunga eligunyaziswe liBhunga ukuba linyanzelise izibonelelo zalo Mthetho kaMasipala;

"umzimba wesilwanyana esifileyo" uthetha intsalela yaso nasiphi na isilwanyana okanye inkukhu efileyo;

"ikati" ithetha ikati eyinkunzi neyimazi nokuba buthini na ubudala bayo, ngaphandle kokuba kuthethwa phantsi kwenye imeko;

"ikhaya leekati" yindawo apho-

- (a) kugcinwa khona iikati; okanye
- (b) kukhuliswa khona iikati ngenjongo zorhwebo;

"iBhunga " lithetha –

- (a) iBhunga lesiXeko saseKapa elimiselwe ngokweSaziso sePhondo esinguNomb. 479 sika-2000 esikhutshwe ngokweCandelo 12 loMthetho woBume booMasipala woRhulumente woMmandla, ka-1998 (uMthetho . onguNomb.117 ka-1998);
- (b) iziko elimiselweyo elingena endaweni yebelikho elikwanale tayitile;
- (c) icandelo okanye umntu osebenzisa igunya alinikiweyo okanye olandela umyalelo awunikiweyo, apho anikwe naliphi na igunya kulo Mthetho kaMasipala, okanye umyalelo onikiweyo, ngokungqinelana neCandelo 59 loMthetho weeNkqubo zikaMasipala woRhulumente wePhondo (uMthetho onguNomb. 32 ka-2000); okanye
- (d) lowo unika inkonzo efezekisa uxanduva phantsi kwalo Mthetho kaMasipala alunikwe ngokwecandelo 81(2) loMthetho weeNkqubo zikaMasipala woRhulumente wePhondo (uMthetho onguNomb. 32 ka-2000); okanye nguwo nawuphi na omnye umthetho;

"inja" ithetha inja nenjakazi yabo nabuphi na ubudala, ngaphandle kokuba kuthethwa phantsi kwenye imeko;

"indlu yokuhlala" ithetha isakhiwo esizimeleyo esilungiselelwe ukuba yindawo yokuhlala yosapho olunye emi kwindawo enezakhiwo ezinjalo ezingekho ngaphezu kwesibini;

"iyunithi yokuhlala" amagumbi ahamba kunye kuquka ikhitshi okanye igumbi lokuhlambela izitya alungiselelwe ukuhlala usapho olunye, engeyiyo indlu yokuhlala nokuba loo yunithi sisakhiwo esinye okanye iyinxalenye yesakhiwo esineeyunithi ezikwanjalo ezimbini okanye ngaphezulu na;

"inja yokukhokela" inja eqeqeshelwe ukukhokela imfama okanye umntu ongaboni kakuhle kwaye iquka inja yoncedo eqeqeshelwe ukunceda umntu ongaphilanga kakuhle ngokwasengqondweni okanye ngokwasemzimbeni;

"uphazamiseko lwezempilo" luthetha nawuphi na umsebenzi, imeko, indawo okanye into ethi ngenxa yamanzi amdaka ahambayo, umphunga, ivumba elibi leekhemikali, ingxolo, ungancangazelo, inkunkuma, iimveliso ezilahlwayo, ukungcola, iimathiriyeli zamachiza, izilwanyana ezikhathazayo, izityalo, ukuxinana, ukungabikho kococeko olufanelekileyo, ukungenisa nokukhupha umoya ukukhanya, isiyilo, imeko, ngenxa yomnye unobangela okanye okwenzekayo okanye nokuba yintoni na ukuba ngokoluvo loMlawuli oyiNtloko wezeMpilo okanye ngokoluvo lomqeshwa ogunyazisiweyo weBhunga ibonwa njengento enokwenzakalisa okanye enokuba nobungozi kwezempilo okanye ekhubekisayo, kuquka nokuba ayikuchaphazeli oku kukhankaywe ngasentla, indawo esistoro, yokuhambisa okanye ukuphatha amanzi aza kusetyenziswa ngabantu ekhayeni kuquka amanzi angcolisekileyo;

"Indawo ekugcinwa kuyo izinja" indawo apho –

- (a) kugcinwa khona izinja;
- (b) kuqeqeshwa izinja ngenjongo yokurhweba;
- (c) kugcinwa khona izinja ngenjongo yokuziqeqesha okanye yokuziqeshisa kunye okanye ngaphandle kwabaphathi bazo; okanye
- (d) kugcinwa khona izinja ngenjongo zokhuselo lorchweba;

"indlu yokuhlala enkulu" ithetha indlu yokuhlala ekwisiza esinezikwere zemitha ezingaphezulu kwamakhulu amathandathu;

"umnini" ngokunxulumene nenja, ikati okanye ihashe lokusebenza uquka nawuphi na umntu ekuye, onoxanduva lwayo, oyigcinileyo okanye onolawulo lwaloo nja, kati okanye ihashe lokusebenza;

"iphepha-mvume" imvume ebhaliweyo enikwe liBhunga ngokwalo mthetho kamasipala;

"umntu" uquka neliphi na inqanaba loburhulumente, umntu ngokwendalo kunye nomntu ngokwasemthethweni;

"inkukhu" ithetha inkukhu, irhanisi, inciniba, idada, ihobe, ikarikuni, impangele, ipikoko kunye nemazi yepikoko kunye/okanye imazi yepikoko okanye intaka nokuba yeyasekhaya nokuba yeyasendle;

"isikiti" sithetha indawo emiselwe liBhunga ngokwawo nawuphi na umthetho wokuthimba, wokuthengisa kunye nokutshabalalisa izilwanyana kuquka nombutho wentlalo-ntle yezilwanyana enakanwayo liBhunga;

"igosa lesikiti" lithetha umntu owonyulwe liBhunga ukuba ongamele isikiti;

"isakhiwo kunye nomhlaba esikuwo" sithetha isakhiwo, intente okanye naluphi na ulwakhiwo, nomhlaba esakhiwe kuwo kunye nomhlaba osecaleni kwaso osetyenziswa ngokunxulumene naso nawo nawuphi na umhlaba ongenasakhiwo okanye ntente, kwaye uquka inqwelo-mafutha, isihambisi, inqanawa okanye iphenyane;

"indawo kawonke-wonke" kunye "nesitalato sikawonke-wonke" sithetha -

- (a) indlela kawonke-wonke;
- (b) nayiphi na indawo yokupaka, isikwere, ipaki, ibala lokuzonwabisa, ibala lemidlalo, indawo yococeko, ibala, unxweme, uluhlu lweevenkile ezikumhlaba kamasipala, umhlaba kamasipala ekungakhiwanga kuwo okanye owamangcwaba othe -
 - (i) ngokunxulumene nalo naluphi na ucando okanye usiko lomhlaba ube ziziza okanye iziqwenga zomhlaba, walungiselelwa okanye wabekelwa bucala ukuba usetyenziswe luluntu okanye ngabanini okanye ngabo bahlala kwezo ziza, kuloo macandelo omhlaba okanye kwezo ziqwenga zomhlaba, nokuba ubonisiwe okanye awuboniswa kwisicwangciso jikelele, kwisicwangciso socando okanye kwisazobe;
 - (ii) nangaliphi na ixesha wanikezelwa kuluntu;
 - (iii) wasetyenziswa luluntu ngaphandle kophazanyiso kangangesithuba samashumi amathathu eminyaka ukuya kuma emva komhla wama-31 Disemba ka-1959; okanye
 - (iv) nangaliphi na ixesha wachazwa okanye wanikezelwa ngolo hlobo siSixeko okanye nguye nawuphi na omnye ugunyaziwe onalo elo lungelo; okanye
- (c) inqwelo-mafutha yezothutho kawonke-wonke,

kodwa konke oku akuquki umhlaba kawonke-wonke oqeshisiweyo okanye othe wasetyenziselwa ezinye injongo obungamiselwanga zona;

"isakhiwo" sithetha nayiphi na ished, ihoko yehagu, ubuhlanti, indlu yokugcina iintaka, idlelo elincinane lamahashe, isakhiwo esinesigqumathelo okanye uphahla, indlu yeenkukhu, intendezezo, idlelo lezilwanyana, isakhiwo esinophahla okanye isakhiwo esisetyenziselwa ukugcina, ukuhlalisa okanye ukuvalela izilwanyana kunye neenkukhu; yaye

"ihashe lokusebenza" lithetha ihashe, idonki, imeyile, okanye i-esile elomeleleyo ukuba lingatsala elirhuqwa zizilwanyana elisetyenziselwa ukungenisa imali.

ISIAHLUKO SESIBINI

IZINJA

Imiqathango kwinani lobungakanani bezinja

2. (1) IBhunga lingamisela inani lezinja elinokugcinwa kwindawo ethile.

(2) Xa kungekho mmiselo owenziweyo ngokwezibonelelo zecandelwana (1) kunye nokulandela izibonelelo zecandelwana (3) kunye no-(4), akukho mntu unokugcina ngaphezu -

- (a) kwezinja ezimbini, okanye avumele ngaphezu kwezinja ezimbini, ezingaphezulu kweenyanga ezintandathu ubudala, ukuba zigcinwe kwiyunithi yokuhlala;
 - (b) kwezinja ezintathu, okanye avumele ngaphezu kwezinja ezintathu, ezingaphezulu kweenyanga ezintandathu ubudala, ukuba zigcinwe kwindlu yokuhlala;
 - (c) kwezinja ezine, okanye avumele ngaphezu kwezinja ezine, ezingaphezulu kweenyanga ezintandathu ubudala, ukuba zigcinwe kwindlu yokuhlala enkulu;
 - (d) kwezinja ezintandathu, okanye avumele ngaphezu kwezinja ezintandathu, ezingaphezulu kweenyanga ezintandathu ubudala, ukuba zigcinwe kwipropati yezolimo;
 - (e) kwezinja ezintathu, okanye avumele ngaphezu kwezinja ezintathu, ezingaphezulu kweenyanga ezintandathu ubudala, ukuba zigcinwe kwindlu yokuhlala.
- (3) Icandelwana (2) alisebenzi kumntu—
- (a) onemvume ekhutshwe ngokwecandelwo 4 ukuba agcine inani eliphezulu lezinja;
 - (b) onemvume yokugcina indawo yokugcina izinja;
 - (c) ongumnini okanye umanejala okanye owongamele, ivenkile yezilwanyana kwanalowo unobungqina obubhaliweyo bokuba zonke ezo zinja ziphantsi kolawulo lomnini okanye umanejala onjalo zigonyelwe umzananda wamabamba, ukukrala kwesibindi, ukhohlokhohlo lwezinja kunye nentsholongwane i-parvovirus;
 - (d) ongumnini okanye owongamele indawo apho izinja zokukhokela zigcinwa okanye ziqeqeshwa khona yaye ezo zinja zigcinwa okanye ziqeqeshwa phantsi kwemiqathango ye-SA Guide Dogs Association;
 - (e) ongumnini okanye umanejala wekliniki yezilwanyana; okanye
 - (f) nabani na owongamele izinja zeSebe lamaPolisa eBhunga njengoko echazwe kumhlathi (a) wentsingiselo ye"Bhunga", iNkonzo yamaPolisa oMzantsi Afrika okanye loMkhosi woKhuselo woMzantsi Afrika, kwaye zigcinelwe injongo zokusebenza;
 - (g) nomntu onesikiti.
- (4) Umntu erhoxisiweyo imvume yakhe yokugcinainja okanye otheinja yahluthwa kulondolozo lwakhe ngaphambili okanye onerekhodi lokugwetyelwa ukwaphula umthetho okanye ukunyhasha amalungelo ngokunxulumene nesilwanyana esiphantsi kolondolozo lwakhe akanakho ukugcinainja, ngaphandle kokuba iBhunga limisele ngenye indlela.

Ubhaliso kunye nokuLayiseniswa kweziNja

3. (1) Mnini-propati ogcinainja enye okanye ngaphezulu kufuneka azibhalise kwiBhungainja okanye izinja ezo.

(2) Ubhaliso lwenja kufuneka lwenzeke kwisithuba seenyanga ezintathu izelweinja okanye kwisithuba seentsuku ezingama-30 ufuyeinja kwipropati ekwimida ephantsi kolawulo lweSixeko.

(3) IBhunga lingarhafisa umrhumo wephepha-mvume ngokuphathelele kwipropati apho kugcinwa khonajinja enye nangaphezulu.

(4) Ixabiso lomrhumo wephepha-mvume lenja lingamiselwa ngokwesigqibo seBhunga. Ungacuthwa umrhumo wephepha-mvume lezinja ezivalwe isizalo.

Amaphepha-mvume okugcina izinja ezingaphezulu kunenani elichaziweyo

4. (1) Nawuphi na umntu ofuna ukugcina inani lezinja elingaphezulu kunelo livumelekileyo ngokwecandelo 2(2), kufuneka afake isicelo kwiBhunga

(2) Isicelo ngokwecandelwana (1) kufuneka sibhalwe kwifomu elungiselelwe oko kwaye sihambe nomrhumo omiselweyo.

(3) IBhunga lisenokufuna ukuba umfaki-sicelo anike nayiphi na ingcaciso esiyibona njengeyimfuneko ukulungiselela ukuba sithathe isigqibo sinolwazi.

(4) IBhunga lisenokwala ukuqwalasela isicelo ngokwecandelwana (1) apho izibonelelo zecandelwana (2) zingathotyelwanga okanye ingcaciso efunwa kwicandelwana (3), inganikwanga.

(5) IBhunga lisenokusiqwalasela kuphela isicelo ngokwecandelwana (1) emva kokuba lifumene ingxelo ebhaliweyo evela kwigosa eligunyazisiweyo –

- (a) malunga nokubajinja leyo kufunwa imvume yayo ingaba yingozi kwezempilo zoluntu okanye ukugcina loo nja kungakhokelela kungachasana necandelwana 6;
- (b) echaza iziphumo zohlolo lwendawo apho loo nja igcinwa okanye iza kugcinwa khona; kwakunye
- (c) nokubajingaba kwakhe kwasuswa injaphantsi kolondolozo lomfaki-sicelo na okanye unerekhodi yokugwetyelwa ukwaphula umthetho okanye ukunyhasha amalungelo ngokunxulumene nesilwanyana esiphantsi kolondolozo lwakhe

(6) IBhunga lingasikhaba isicelo ngokwecandelwana (1) okanye lisamkele phantsi kwayo nayiphi na imiqathango ejolise ekucutheni ukwenzeka, ukuqhubeka okanye ukuphinda kwenzeke komngcipheko wabo nabuphi na ubungozi bezempilo yoluntu obunokubangelwa zizinja kuloo ndawo okanye ukucutha loo mngcipheko ube kwinqanaba elamkelekileyo kwiBhunga.

(7) Malunga nokwamkelwa kwesicelo ngokwecandelwana (6), igosa eligunyazisiweyo kufuneka likhuphe iphepha-mvume kwifomu elungiselelwe oko echaza wonke umqathango obekwe liBhunga.

(8) Iphepha-mvume alitshintshelwa ukusuka komnye umntu liye komnye okanye ngokuphathelele nendawo ebelikhutshelwa yona, ukuya kwenye.

Ulungiso, ukumiswa kunye norhoxiso lwephepha-mvume

5. Emva koqwalaselo lwengxelo kunye nengcebiso yegosa eligunyazisiweyo okanye ugqirha wezilwanyana, ngesaziso kumntu onemvume ngokokuchazwe kwicandelo 4 iBhunga linakho –

- (a) ukwenza isilungiso, ukumisa okanye ukurhoxisa loo mvume ukuba liyaneziseka ukuba ukungenzi oko kuya kukhokelela –
 - (i) ekudaleni okanye ekuqhubekeni kobungozi kwimpilo yoluntu; okanye
 - (ii) kulwaphulo lwaso nasiphi na isibonelelo secandelo 6;
- (b) ukwenza isilungiso, ukumisa okanye ukurhoxisa loo mvume ngoko nangoko ukuba-
 - (i) igosa elo lifumanisa ukuba kuyimfuneko engxamisekileyo ukwenza njalo ukuphelisa okanye ukunciphisa umngcipheko ongamandla kuluntu obangwa bubungozi bezempilo yoluntu okanye ubungozi obungenzekayo kwimpilo yoluntu; okanye
 - (ii) kukho ityala lolwaphulo-mthetho elijingayo kumnini-mvume okanye ityala lezentlalo ayinxalenye yalo umnini-mvume, elibandakanya isilwanyana esiphantsi kolondolozo lwakhe.

Imiqathango ngokunxulumene nokugcinwa kwezinja

6. Akukho mntu uza-

- (a) kuvumela nayiphi na imazi yenja eyeyakhe okanye egcinwa nguye efuna iinkunzi okanye edumbileyo ukuba ibe sesitalatweni sikawonke-wonke okanye endaweni kawonke-wonke;
- (b) kukhuthaza nayiphi nainja ukuba ihlasele, ikhathaze okanye yoyikise nawuphi na umntu okanye isilwanyana okanye ngokungabi nankathalo asilele ukuthintela nayiphi nainja ekuhlaseleni, ekukhathazeni okanye ekoyikiseni nawuphi na umntu okanye isilwanyana, ngaphandle kokuba umnini lowo uyazikhusela okanye ukhusela ipropati yakhe okanye ukhusela nawuphi na omnye umntu;
- (c) kugcina nayiphi nainja eyonakalisa ipropati yoluntu;
- (d) kugcina nayiphi nainja aze asilele ukulikhupha rhoqo, alilahle kwindawo efanelekileyo ilindle layo;
- (e) kugcina nayiphi nainja ekhonkotha ngaphezu kwemizuzu emithandathu kwiyure enye okanye emithathu ngesiqingatha seyure;
- (f) kugcina nayiphi nainja engondliwayo okanye engaphiwa manzi okanye engenandlu yayo;

- (g) kugcina nayiphi nainja eza kuthi ibangele uphazamiseko okanye uphithikezeko kubahlali abasebumelwaneni-
 - (i) ngokuba nomkhwa wokuleqa iinqwelo-mafutha, izilwanyana, iinkukhu, amahobe okanye abantu ngaphandle kwamasango egcinwe kuwo; okanye
 - (ii) ngokuziphatha nangayiphi na enye indlela;
- (h) kuvumela nayiphi nainja yakhe okanye egcinwa nguye -
 - (i) ukuba ibe sesitalatweni sikawonke-wonke okanye endaweni kawonke-wonke logama igula likhwekhwe okanye nasiphi na isifo esosulelayo;
 - (ii) elugcalagcala, ekhohlakeleyo okanye eyingozi ukuba ibe sesitalatweni sikawonke-wonke okanye endaweni kawonke-wonke, ngaphandle kokuba ivalwe umlomo yaze yabanjwa ngentambo kwaye iyalawuleka;
 - (iii) ukuba ihambe kwipropati yomnye umntu;
 - (iv) ukuba yingozi endleleni isebenzisa nasiphi na isitalato sikawonke-wonke;
 - (v) ukuba ibe kwisitalato sikawonke-wonke okanye endaweni yoluntu ngaphandle kwaxa isebhantini okanye ikwindawo emiselwe liBhunga nje ngaleyo inokukhululeka kuyo;
- (i) kugcina nayiphi nainja engenagama lijinga kuyo, okanye inombolo yomnxeba, kunye nedilesi ehlala kuyo okanye okanye nokuba ngumbhalo othintela ukuphathwa kakubi kwezilwanyana okanye umbutho obhalisiweyo wentlalo-ntle yezilwanyana;
- (j) kunxwala okanye axhokoxe inja.

Ukuthinjwa, ukuvalelwa esikiti nokubulawa kwezinja

7. (1) Igosa eligunyazisiweyo lingayithimba, lize liyivalele esikiti kwindawo emiselwe liBhunga nayiphi nainja enokuthi -

- (a) ibulawe ngokwesibonelelo secandelwana (10) okanye nawuphi na omnye umthetho;
- (b) ibe inebhula ngokwezimvo zalo okanye enaso nesiphi na esinye isifo esosulelayo;
- (c) ibe iyingozi kubasebenzisi bendlela abasebenzisa nokuba sesiphi na isitalato sikawonke-wonke;
- (d) ibe iphandle kwaye ingenamini;
- (e) ifunyanwe endaweni yoluntu okanye kwisitalato sikawonke-wonke ibe ingekho bhantini kwaye ingekho phantsi kolawulo olululo ngokwezimvo zegosa eligunyazisiweyo, ngaphandle kokuba inja leyo ikwindawo emiselwe liBhunga njengendawo yokuhamba ngokukhululekileyo;

- (f) ingene nakwawaphi na amasango logama igosa eligunyazisiweyo lizama ukuyibamba liyivalele;
- (g) ibe iyalamba okanye ayondlekanga okanye ayifumani manzi okanye ayinandawo yokuhlala ifanelekileyo; okanye
- (h) igcinwe ngokuchasene necandelo 2 kunye necandelo 6.

